EEDSVERKLARING

Ek, die ondergetekende,

PIETER SCHALK DE BRUYN
Identiteitsnommer 681214 5105 088
Woonagtig te Francolinstraat 73, Meyersdal, Alberton

Verklaar hiermee onder eed as volg :

1. Ek is 'n meerderjarige manlike prokureur, praktiserend as Direkteur van De Bruyn, Van Der Elst & Bokwa Ingelyf, te Hennie Albertstraat 73, Brackenhurst, Alberton.

2. Die feite hierin vervat val binne my persoonlike wete en kennis, tensy die teendeel duidelik uit die konteks blyk, en is dit beide waar en korrek.

3. Tydens April 2004 het ek Mev. Bernadine Van Wyk met Identiteitsnommer 651016 0075 083 in diens geneem as die Hoofboekhoudster en Finansiële Bestuurder van die firma nadat sy deur 'n sekere Mnr Johan Smit, 'n ouditeur van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies aan my mede-Direkteur, Mnr Van Der Elst, aanbeveel is.

4. Mev. Van Wyk het oorgeneem van 'n Junior Boekhoudster, Mej. Martie van Niekerk, wat oorgeneem het van die vorige Boekhoudster wat ge-immigreer het na Scotland.

5. Sy het dadelik 'n indruk op my gemaak weens haar uitgebreide kennis van prokureurs boekhouding sowel as die stelsel van die Prokureursorde, en het ek haar stelselmatig meer en meer verantwoordelikheid en mag gegee met die hantering an die Firma se finansies.

6. Soos die verhouding gegroei het deur die jare, het ek later die hele finansiële verantwoordelikheid aan haar toevertrou, aangesien dit vir myself en ook alle ander prokureurs werksaam by ons firma geblyk het dat sy werklik baie vaardig is in haar werk. Mev. Van Wyk het toegang gehad tot alle bankrekenings van die firma, en het die Finansiële Afdeling bedryf met twee Junior Boekhoudsters wat van tyd tot tyd gewissel het. Sy het my deurgaans van inligting voorsien wanneer ek dit nagegaan het, betroubaar blyk te gewees het en my altyd verseker dat die Firma se boeke en veral die Trustrekening eenhonderd persent korrek was.

7. Tydens die jaar van 2008, het nuwe werk wat die Firma binne gekom het, aansienlik afgeneem weens die wêreldwye ekonomiese agteruitgang. Wat my egter opgeval het is dat, ten spyte van Mev. Van Wyk se klagtes oor moeilike finansiële tye, sy 'n huwelik en onthaal vir haar seun, Michael gereël en betaal het, en ook later 'n bootreis saam met haar hele familie beplan het.

8. Ek het gevolglik meer gereeld ondersoeke op die verskeie bankrekenings gedoen om vas te stel of ek enigiets kon opmerk wat onbehoorlik voorgekom het. Mev. Van Wyk het egter alles wat ek bevraagteken het, oënskynlik bevredigend beantwoord, en het ek voortgegaan om haar in my vertroue te hou, en haar in die vertrouensposisie wat sy beklee het, te handhaaf.

9. Aan die begin van 2009, Januarie, het Mev. Van Wyk my meegedeel dat sy van plan is om na Mosselbaai te verhuis en dat sy gevolglik bedank. Sy was egter van plan om tot die jaareinde wat 28 Februarie 2009 is, aan te bly, om seker te maak dat alles in orde is voordat sy haar pos ontruim. Ek was haar hiervoor baie dankbaar en dit was vir my weereens 'n bevestiging van haar lojaliteit en deugsaamheid.

10. Op 21 Januarie 2009 het daar egter iets plaasgevind wat vir my vreemd voorgekom het. Mev. Van Wyk het 'n oorplasing van R35 000,00 (Vyf-en-Dertigduisend Rand) gedoen, waarop sy my naam "Schalk" as 'n verwysing gebruik het. Alhoewel sy dit verskeie kere vantevore gedoen het, het die gebeure van die afgelope tyd my egter onrustig gestem, en het ek aan haar 'n e-pos versend waarin ek bevraagteken het wat die transaksie was waarvoor die oorplasing gedoen was. Sy het geantwoord dat sy die geld oorgeplaas het van die ABSA rekening na die Nedbank besigheidsrekening, aangesien sy al die Ekurhuleni tjeks wat betaal moes word, daaruit geskryf het en die geld daarvoor moes inplaas. Dit het egter nie vir my sin gemaak waarom sy nodig gehad het om die geld in Nedbank te sit vanaf ABSA as sy net Ekurhuleni uit ABSA uit kon betaal het nie.

11. Ek het gevolglik ondersoek gedoen om vas te stel of die R35 000,00 inderdaad in die besigheidsrekening by Nedbank inbetaal is, en het gevind dat dit wel geskied het, maar 'n dag later as wat ek gemerk het die oorplasing uit ABSA uit plaasgevind het. Aangesien dit 'n oorplasing vanaf ABSA na Nedbank was, was dit moontlik dat die geld later eers sou wys in die Nedbank rekening, maar ek het nietemin navraag by Nedbank gedoen aangaande vanwaar die geld oorgeplaas is na die firma se Nedbank rekening. Die persoon by Nedbank se navrae toonbank het my meegedeel dat die geld oorgeplaas is vanaf 'n ander Nedbank rekening, met rekeningnommer 1918 443130 in die naam van "Arries Steelworks".

12. Ek het onmiddellik besef dat iets verkeerd is, aangesien Mev. Van Wyk se eggenoot, Mnr Arrie van Wyk 'n besigheid bedryf het met die naam Arries Steelworks.

13. Ek het verder ondersoek ingestel en het vasgestel dat Mev. Van Wyk 'n rekening gebruik het wat oopgemaak is as 'n Spaarrekening by ABSA Bank op dieselfde portfolio as wat die Firma se Trustrekening op is, en dat sy hierdie Spaarrekening met 'n rekeningnommer 9139023776 gebruik het, waarvandaan sy die oorplasing gedoen het na die rekening van "Arries Steelworks". Sy het egter die geld direk vanuit die Firma se Trustrekening oorgeplaas na hierdie Spaarrekening, waarna sy dit oorgeplaas het na haar man se besigheidsrekening.

14. Ek het soeke gedoen op die Internet portfolio van die Firma se ABSA Trustrekening met die begunstigde "Arries Steelworks" maar kon niks vind nie. Ek het toe die rekeningnommer van Arries Steelworks geneem en gekyk of dit op die lys van begunstigdes voorkom. Ek het dit gevind waar dit oopgemaak is onder die naam "A Butch" Ek het daarna 'n lys getrek van alle oorplasings wat na die fiktiewe rekening van "A Butch" oorgeplaas is en het gevind dat in die tydperk van 2008-12-01 tot 2009-01-21 reeds R100 500,00 oorgeplaas is op ses veskillende geleenthede. Ek heg 'n uitdruk van hierdie transaksies hierby aan, gemerk **Aanhangsel "A".**

15. Ek het verdere ondersoek gedoen op die bankrekeningnommers wat ek van Mev. Van Wyk gehad het, naamlik 'n vorige ABSA rekening wat sy eers gebruik het, met rekeningnommer 9129609534 en die Nedbankrekening waarin sy haar salaris ontvang het, nadat sy die ABSA rekening nie meer gebruik het nie, met rekeningnommer 1520088035. Ek het gevind dat sy verskeie ongemagtigde transaksies na haar eie rekening oorgeplaas het vanaf die tydperk 2008-06-27 tot 2008-10-31 in 'n total van R139 000,00. Ek heg 'n afskrif van die bewys van hierdie transaksies hierby aan, gemerk **Aanhangsel "B".**

16. Ek het aanvanklik geen ooreenstemmende rekening met Mev. Van Wyk se ABSA rekeningnommer gevind nie, maar het aangehou soek en het dit gevind onder die lys van "deleted beneficiaries". Daar het ek gevind dat tydens die tydperk van 2008-03-01 tot 2008-04-24 is 'n gesamentlike bedrag van R154 500,00 oorgeplaas is na haar rekening. Daar is tien transaksies gedoen waarvan nege ook van die spaarrekening gedoen is, maar die laaste een direk vanuit die Trustrekening gedoen is. Ek heg ook die bewys van hierdie transaksies aan, gemerk **Aanhangsel "C"**. Ek het ook in Mev. Van Wyk se lêer gevind, 'n ABSA rekening van haar man, Mnr Arrie van Wyk, met rekeningnommer 9129611296. Ek het dié rekeningnommer gevind, oopgemaak onder die begunstigde se naam, "M.Moosa". Na hierdie rekening is daar 'n totaal van R53 000,00 oorgeplaas vanaf die tydperk, 2008-11-21 tot 2009-01-17. Ek heg ook 'n afskrif van bewys van hierdie betalings hierby aan, gemerk **Aanhangsel "D"**.

17. Die hele situasie het my totaal en al oorbluf gehad en ek was nie seker wat om onmiddellik te doen nie. Ek het my mede direkteur, Mnr Van Der Elst gekontak en aan hom my bevindinge meegedeel. Ek wou nie oorhaastig optree nie, maar ook seker maak dat ek die regte ding op die regte tyd doen. Ek en Mnr Van Der Elst het vergader, en Mnr Van Der Elst het 'n kontak van hom in die Suid Afrikaanse Polisiediens geskakel om advies in te win. Ons is ge-adviseer om Mev. Van Wyk se dienste so gou moontlik te beëindig en onmiddellik voort te gaan met 'n ondersoek wat ook sou behels 'n volledige oudit van die boeke om vas te stel wat die presiese omvang is van Mev. Van Wyk se dade.

18. Ek het 'n Bestuursvergadering belê vir 30 Januarie 2009, waartydens ek Mev. Van Wyk se wandade blootgelê het aan al die Prokureurs werksaam by die Firma, synde te wees, Mev. Charlene Van Der Merwe, Mej. Janine Booysen, Mnr. Tertius Steyn en Mej. Hester van Niekerk, wat ge-oormerk is om die boekhou posisie by Mev. Van Wyk oor te neem.

Tydens die vergadering het ek bewyse van Mev. Van Wyk se ongemagtigde uitbetalings aan almal uitgedeel, waarna ek Mev. Van Wyk versoek het om die perseël te verlaat en ook aan haar meegedeel het dat ek onmiddellik sou begin met 'n volledige oudit en ondersoek.

19. Ek het na afloop van die vergadering die Firma se ouditeur, Mnr Barry Bloch geskakel en in kennis gestel van die gebeure. Ek het Mnr Bloch gevra of hy betrokke wil wees by die ondersoek, aangesien hy Mev. Van Wyk reeds 'n geruime tyd geken het. Mnr Bloch was uiters geskok en het my meegedeel dat hy eers oor die situasie wou dink. Ek het die volgende dag Mnr. Cornelius Broodryk geskakel, en hom versoek om die ondersoek te kom hanteer en ook 'n volledige verslag aan die Prokureursorde te gee van die gebeure.

20. Mnr Broodryk het in die daaropvolgende week met die ondersoek begin en het ook 'n skrywe gerig aan die Prokureursorde, waarna hy ook persoonlik besoek afgelê het om hulle volledig in te lig van die gebeure en wat daaraan gedoen word.

21. Tydens Mnr. Broodryk se ondersoek het hy ook verskeie ander ongemagtigde transaksies gevind wat meer volledig uiteengesit word in sy Eedsverklaring hiernaas.

22. Mev. Van Wyk het tydens die vergadering en ook daarna aan Mev. Van Der Merwe meegedeel dat die geld wat sy na haar en haar man se rekenings oorgeplaas het, geld is wat haar toekom, aangesien dit voortspruit uit 'n ooreenkoms wat sy met my het aangaande 'n oorbruggens fasiliteit besigheid genaamd, "Redcliffe".

23. Ek bevestig dat daar wel 'n ooreenkoms tussen my en Mev. Van Wyk was, wat behels het dat 'n bedrag van ongeveer R800 000,00 (Agthonderd Duisend Rand), wat bekom is uit 'n verdere verband wat geregistreer was op die Firma se Germiston kantoor, te wete, Webberweg 74, Germiston. Die ooreenkoms het behels dat die R800 000,00 aangewend sou word om uit te leen vir oorbrugging van kliënte se transaksies. Ek het aan Mev. Van Wyk meegedeel dat wanneer die R800 000,00 gegroei het deur middel van rente en administrasiefooie, tot 'n verdere R800 000,00, die R800 000,00 inset teruggeplaas moes word in die verbandrekening waarna ons dan net met die R800 000,00 wat uit wins saamgestel is, sou gewoeker het, en wanneer ons besluit het dat die kapitaal daarvan grootgenoeg is, sou ons wins deel op die basis van 20% van al die wins sal na die maatskappy wat in my naam is, genaamd SDB Legal Admin (Pty) Ltd gaan. 'n Verdere 50% sal aan myself gaan en 30% aan Mev. Van Wyk.

24. Dié ooreenkoms is ook op skrif gestel deur Mev. Van Wyk en het sy aan my 'n harde kopie oorhandig. Ek het egter nie heeltemal saamgestem met die bepalings daarin soos wat sy dit uiteengesit het nie, en het gevolglik nooit hierdie kontrak onderteken nie. Ek heg 'n afskrif van dié ooreenkoms, soos deur Mev. Van Wyk opgestel hierby aan, gemerk **Aanhangsel "E".** Die leemte in die geskrewe ooreenkoms wat Mev. Van Wyk saamgestel het, was dat sy versuim het om melding te maak daarvan dat die aanvanklike R800 000,00 inset eers teruggegee moes word. Ek het dit egter nie nodig geag om hierdie kontrak spoediglik korrek op te stel en onderteken te kry nie, aangesien na my beste wete en kennis daar nog 'n geruime tyd sou moes verloop alvorens ons kon kom op 'n stadium van winsdeling. Mev. Van Wyk het my ook nooit verder gevra daarna nie. Mev. Van Wyk het wel op 'n stadium aan my gemeld dat sy be-oog om ook 'n kapitale bydrae te maak deur om verbande ook op haar eiendomme te registreer en daardie geld ook dan aan te wend om gouer by 'n doelwit uit te kom van winsdeling. Mev. Van Wyk het egter nooit bevestig of sy dit wel gedoen het of nie, en was ek oortuig daarvan dat indien sy wel van haar eie geld sou bydra, sy my wel daarvan in kennis sou stel en die nodige bewyse daarvoor verskaf.

25. Mev. Van Wyk het, nadat sy gevra is om die firma te verlaat, e-posse gestuur aan Mev. Van Der Merwe en Mnr. Steyn, waarin sy bewyse van betalings aangeheg het, dat sy inderdaad van haar eie geld na die spaarrekening waarna hierbo verwys is van die firma, oorgeplaas het. Dit is vir my egter onmoontlik om dit te bevestig of te ontken, maar is die bedrag wat volgens Mev. Van Wyk deur haarself "bygedra" is in elk geval veel minder as die betaal van bedrae wat sy onregmatiglik na haar en haar man se rekenings oorgeplaas het.

DEPONENT :
PIETER SCHALK DE BRUYN

Ek sertifiseer hiermee dat die Deponent erken het dat hy die inhoud van hierdie Eedsverklaring erken en verstaan, wat voor my geteken is te ALBERTON op hede die 18 dag van August 2014, en dat die Regulasies vervat EB. in Staatskoerant R1258, gedateer 21 Julie 1972, soos gewysig, deur Goewermentskennisgewing No. 1648, gedateer 19 Augustus 1977, nagekom is.

SBQueta 21/08/2014

KOMMISSARIS VAN EDE
VOLLE NAAM : SIBONGILE QUETA
BESIGHEIDSADRES: 85 LETABA STR B/DOWNS
AANSTELLING : CST

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE
COMMUNITY SERVICE CENTRE
18 -08- 2014
BRACKENDOWNS
EASTRAND
SOUTH AFRICAN POLICE SERVIC

Besigtig begunstigde *(2009-01-29 20:07:17)*

Kitsskakels

› Druk begunstigdelys

Begunstigdebesonderhede. Klik op die toepaslike knoppie om voort te gaan

Begunstigdebesonderhede

Begunstigde	6805 - A BUTCH
Begunstigderekening	1918443130 - NEDBANK (191842)
Begunstigdestaatbeskrywing	CLARK
Jou staatbeskrywing	SCHALK

Kennis van betaling-besonderhede

Voorkeur- kennis van betaling-metode	Geen
Selfoonnommer	(Onbekend)
Faksnommer	
E-posadres	
Ontvangernaam	

Betaal > | Verander > | Verwyder >

Reeds verwerkte transaksies

Klik op betalings om die Kennis van Betaling weer te stuur, klik dan op 'Stuur weer >'

	Datum	Tyd gedebiteer	Resultaat	Bedrag(R)	Van-rekening	Betalingsverwysi
☐	2009-01-21	14:49:00	SUKSESVOL	35000.00	9139023776	8001E86124
☐	2009-01-15	16:28:00	SUKSESVOL	12000.00	9139023776	8001E86124
☐	2009-01-03	15:42:00	SUKSESVOL	6500.00	9139023776	8001E86124
	2009-01-03	15:40:00	ONVOLDOENDE FONDSE IN REKENING	7000.00	9139023776	8001E86124
☐	2008-12-24	11:17:00	SUKSESVOL	22000.00	9139023776	8001E86124
☐	2008-12-18	08:31:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8001E86124
☐	2008-12-01	12:43:00	SUKSESVOL	15000.00	9139023776	8001E86124

Stuur weer >

100 500

Vooruitgedateerde transaksies

Geen vooruitgedateerde betaling vir begunstigde

< Terug

Terug na Bo

Besigtig begunstigde *(2009-01-29 20:06:37)*

Kitsskakels

› Druk begunstigdelys

Begunstigdebesonderhede. Klik op die toepaslike knoppie om voort te gaan

Begunstigdebesonderhede

Begunstigde	6253 - B VAN WYK
Begunstigderekening	1520088035 - NEDBANK (152042)
Begunstigdestaatbeskrywing	REDCLIFF
Jou staatbeskrywing	B VAN WYK

Kennis van betaling-besonderhede

Voorkeur- kennis van betaling-metode	Geen
Selfoonnommer	(Onbekend)
Faksnommer	
E-posadres	
Ontvangernaam	

Betaal > | Verander > | Verwyder >

Reeds verwerkte transaksies

Klik op betalings om die Kennis van Betaling weer te stuur, klik dan op 'Stuur weer >'

	Datum	Tyd gedebiteer	Resultaat	Bedrag(R)	Van-rekening	Betalingsverwysing
☐	2008-10-31	10:27:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8001285891-10
☐	2008-10-23	11:56:00	SUKSESVOL	20000.00	9139023776	8001285891-9
☐	2008-10-01	16:05:00	SUKSESVOL	5000.00	9139023776	8001285891-8
☐	2008-08-25	13:09:00	SUKSESVOL	20000.00	9139023776	8001285891-7
☐	2008-08-01	20:29:00	SUKSESVOL	14000.00	9139023776	8001285891-6
☐	2008-08-01	09:13:00	SUKSESVOL	15000.00	9139023776	8001285891-5
☐	2008-07-26	08:09:00	SUKSESVOL	25000.00	9139023776	8001285891-4
☐	2008-07-21	21:17:00	SUKSESVOL	5000.00	9139023776	8001285891-3
☐	2008-07-01	12:25:00	SUKSESVOL	15000.00	9139023776	8001285891-2
☐	2008-06-27	11:13:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8001285891-1

Stuur weer >

139 000

Vooruitgedateerde transaksies

Geen vooruitgedateerde betaling vir begunstigde

< Terug

Terug na Bo

Besigtig begunstigde *(2009-01-29 20:05:58)*

Begunstigdebesonderhede. Klik op die toepaslike knoppie om voort te gaan

Kitsskakels

› Druk begunstigdelys

Begunstigdebesonderhede

Begunstigde	5868 - B VAN WYK
Begunstigderekening	9129609534 - ABSA BANK (632005)
Begunstigdestaatbeskrywing	REDCLIFF
Jou staatbeskrywing	A546-ALSTON

Kennis van betaling-besonderhede

Voorkeur- kennis van betaling-metode	Geen
Selfoonnommer	(Onbekend)
Faksnommer	
E-posadres	
Ontvangernaam	

Betaal > | Verander > | Verwyder >

Reeds verwerkte transaksies

Klik op betalings om die Kennis van Betaling weer te stuur, klik dan op 'Stuur weer >'

	Datum	Tyd gedebiteer	Resultaat	Bedrag(R)	Van-rekening	Betalingsverwysing
☐	2008-04-24	10:32:00	SUKSESVOL	50000.00	4054358479	8000CF566D-10
☐	2008-04-19	09:46:00	SUKSESVOL	6000.00	9139023776	8000CF566D-9
☐	2008-04-17	10:14:00	SUKSESVOL	20000.00	9139023776	8000CF566D-8
☐	2008-04-10	07:51:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8000CF566D-7
☐	2008-03-29	11:25:00	SUKSESVOL	30000.00	9139023776	8000CF566D-6
☐	2008-03-24	07:56:00	SUKSESVOL	3500.00	9139023776	8000CF566D-5
☐	2008-03-20	08:33:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8000CF566D-4
☐	2008-03-19	16:29:00	SUKSESVOL	5000.00	9139023776	8000CF566D-3
☐	2008-03-18	14:52:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8000CF566D-2
☐	2008-03-01	08:17:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	8000CF566D-1

Stuur weer >

154 500

Vooruitgedateerde transaksies

Geen vooruitgedateerde betaling vir begunstigde

< Terug

Terug na Bo

Besigtig begunstigde *(2009-01-29 20:05:17)*

Begunstigdebesonderhede. Klik op die toepaslike knoppie om voort te gaan

Kitsskakels

› Druk begunstigdelys

D

Begunstigdebesonderhede

Begunstigde	5524 - M MOOSA
Begunstigderekening	9129611296 - ABSA BANK (632005)
Begunstigdestaatbeskrywing	CONTRACT
Jou staatbeskrywing	DVB ALB

Kennis van betaling-besonderhede

Voorkeur- kennis van betaling-metode	Geen
Selfoonnommer	(Onbekend)
Faksnommer	
E-posadres	
Ontvangernaam	

Betaal > Verander > Verwyder >

Reeds verwerkte transaksies

Klik op betalings om die Kennis van Betaling weer te stuur, klik dan op 'Stuur weer >'

	Datum	Tyd gedebiteer	Resultaat	Bedrag(R)	Van-rekening	Betalingsverwysing
☐	2009-01-17	08:31:00	SUKSESVOL	500.00	9139023776	80009D0ED9-67
☐	2009-01-15	16:28:00	SUKSESVOL	8000.00	9139023776	80009D0ED9-66
☐	2009-01-03	15:38:00	SUKSESVOL	3000.00	9139023776	80009D0ED9-65
☐	2008-12-24	15:08:00	SUKSESVOL	1500.00	9139023776	80009D0ED9-64
☐	2008-12-20	08:04:00	SUKSESVOL	2000.00	9139023776	80009D0ED9-63
☐	2008-12-16	19:02:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	80009D0ED9-62
☐	2008-12-14	14:38:00	SUKSESVOL	5000.00	9139023776	80009D0ED9-61
☐	2008-12-12	07:59:00	SUKSESVOL	5000.00	9139023776	80009D0ED9-60
☐	2008-12-10	12:53:00	SUKSESVOL	2000.00	9139023776	80009D0ED9-59
☐	2008-12-03	08:27:00	SUKSESVOL	1000.00	9139023776	80009D0ED9-58
☐	2008-11-28	11:44:00	SUKSESVOL	10000.00	9139023776	80009D0ED9-57
☐	2008-11-21	14:18:00	SUKSESVOL	5000.00	9139023776	80009D0ED9-56

Stuur weer >

53 000

Vooruitgedateerde transaksies

Geen vooruitgedateerde betaling vir begunstigde

< Terug

Terug na Bo

" E "

REDCLIFF CC

entered into between : -

PIETER SCHALK DE BRUYN
IDENTITY NUMBER : 6812145105088
(hereinafter referred to as "SCHALK")

and

BERNADINE VAN WYK
IDENTITY NUMBER : 6510160075083
(hereinafter referred to as "BERNADINE")

The following is agreed to by the parties during the subsistence of the relationship : -

1. Parties agree that the relationship, as entered into on or about November 2005, will be governed by this agreement.

3. During the subsistence of the relationship there will be sharing of profits as follows:

   20% of all interest earned on loans to SDB Legal Admin
   50% of all interest earned on loans to Schalk
   30% of all interest earned on loans to Bernadine

EB

4. The parties jointly enter into business transactions, upon dissolution of the relationship the profits shall be divided as follows:

20% of all interest earned on loans to SDB Legal Admin
50% of all interest earned on loans to Schalk
30% of all interest earned on loans to Bernadine

6. Should both or either party become deceased during the existence of the relationship the profits will be divided to the parties heirs as stipulated.

7. Should any party have a civil claim instituted by or against a third party for patrimonial damages and non-partrimonial damages and be successful, it will be excluded from the relationship and be the sole reward/liability of that person.

12. Upon dissolution of the relationship, parties agree that no legal claims will be instituted against each other for any contributions made during the subsistence of the relationship.

12.1 Should a dispute arise, parties agree that the Arbitration process be adopted to settle the matter with acknowledgement of the Arbitration Act and the

procedure as laid down therein. This includes mediation process.

SIGNED AT_____ ON THIS THE _____ 2007.

_____

PS DE BRUYN

AS WITNESSES : -

1. _____

2. _____

SIGNED AT _____ ON THIS THE _____2007.

_____

B VAN WYK

AS WITNESSES : -

1. _____

2. _____